

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING
DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

LEER NR.
FILE NO. 2/4/2/121 Deel

LEER NR. 2/4/2/121 Deel 1
FILE NO. 2/4/2/121 Deel 1

HOOFREKES
MAIN SERIES: Sinneloose Veiligheid

ONDERWERP
SUBJECT: Santokking Persone


LEER
FILE: United Democratic Front (UDF)

GEOPEN OP
FILE OPENED ON: 15.5.85 LEER GESLUIT OP
FILE CLOSED ON: 30.5.86

BESKIRKINGSVOORSKRIFTE
DISPOSAL DIRECTIONS

SUBLEER OF GEVAL
SUBFILE OR CASE

LEER NR.
FILE NO. 2/4/2/121 DEEL
PART 4



DECLASSIFIED

[REDACTED]
120: [REDACTED]
Breyl
[REDACTED]

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

1986-05-30

STAATSVEILIGHEIDSRAADBESLUIT: UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) EN
ANDER ORGANISASIES

Die besluit wat die Staatsveiligheidsraad op 12 Mei 1986 ten opsigte van die UDF, "Natal Indian Congress" en die "Transvaal Indian Congress" geneem het, word hieronder vir u inligting aangehaal:

"Aanstelling van 'n Advieskomitee oor die United Democratic Front (UDF) en ander organisasies"

Minister le Grange lig die betrokke bylae 2 wat die agenda vergesel het, verder toe.

Die aanbevelings van die dokument soos vervat in paragrawe 6 en 7, word goedgekeur met die verstandhouding dat daar nie teen sekere prominente figure sonder voorafgaande beraadslaging met die Voorsitter, opgetree sal word nie."

'n Afskrif van die betrokke bylae waarna verwys word, is aangeheg.

[REDACTED]
DIREKTEUR VAN VEILIGHEIDSWETGEWING

[REDACTED]

DECLASSIFIED

[REDACTED]

DECLASSIFIED



Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad
Secretariate of the State Security Council


Bylae 2

VERWYSING
REFERENCE

NAWAAI
ENCLOSURES

TELEFON
TELEPHONE

HENDRIK VERWOERDGEBOU/BUILDING
PARLEMENTSTRAAT/PARLIAMENTARY
KAAPSTAD/CAPE TOWN



7 Mei 1986

Aan al die lede van die Staatsveiligheidsraad

AANSTELLING VAN ADVIESKOMITEE : "UNITED DEMOCRATIC FRONT" EN ANDER ORGANISASIES

1. 'n Komitee, bestaande uit twee beamptes van die Departement van Justisie is gedurende 1985 aangestel om die Minister van Wet en Orde onder andere te adviseer oor die wenslikheid, al dan nie, van die aanstelling van 'n advieskomitee kragtens artikel 7 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 ten opsigte van die "United Democratic Front" (UDF), "Natal Indian Congress" (NIC) en die "Transvaal Indian Congress" (TIC).
2. Die Komitee het nou sy verslag uitgebring en 'n opsomming daarvan volg hierna:
3. Die geskiedenis van die betrokke organisasies soos deur die Komitee geskets, kan soos volg saamgevat word:
 - a. Die "Natal Indian Congress" en die voorloper tot die "Transvaal Indian Congress", die "Transvaal British Association", is in 1894 en 1903 onderskeidelik gestig.
 - b. Onder beïnvloeding van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) het genoemde organisasies en verskeie ander linksgesinde organisasies later die "Congress Alliance" gevorm. Dié organisasies het die "Congress of the People" in 1955 verteenwoordig te Kliptown waar die "Freedom Charter" aanvaar is.
 - c. Na 'n tydperk van onaktiwiteit het NIC weer gedurende 1980 aktief geraak, terwyl TIC in 1983 heraktiveer is. Op 'n vergadering van NIC en die Transvaalse tak van die "Anti South African Council" op 9 Januarie 1983 het Zac Yacoob vir die stigting van 'n "United Democratic Front" gepleit. Die UDF is daarna op 23 Januarie 1983 gestig. Die Nasionale loodsing van die UDF het op 20 Augustus 1983 plaasgevind.

DECLASSIFIED

4. Die vernaamste bevindings van die Komitee word hieronder uiteengesit:

- a. Die ANC en die UDF het presies dieselfde doelstelling as die SAKP om die massas te politiseer en te mobiliseer om die bestaande bestel omver te werp en 'n bestel gebaseer op die beginsels van die "Freedom Charter" daar te stel.
- b. Die verrigtinge tydens die nasionale loodsing van die UDF was oorwegend ANC georiënteerd.
- c. Die alliansie tussen die ANC en UDF is duidelik weer-spieël in die samestelling van die nasionale bestuur wat tydens die Algemene Jaarvergadering wat in April 1985 verkies is. Die UDF se metodes ter bereiking van sy doelwit het mettertyd meer militant geraak. Sekere veldtogte en begrafnisdienste wat deur die UDF-lede toegesprek is, het tot die uitbreek van geweld met gepaardgaande lewensverlies gelei.
- d. UDF beskermhere het hulle ten gunste van die ANC uitgesprek; UDF-lede is in die hantering van wapens en plofstowwe opgelei en lede van die UDF het hulle ten gunste van geweld uitgesprek, asook dreigemente van weerwraak ge-uiteer.
- e. Beide NIC wat 'n belangrike rol gespeel het in die stigting van die UDF en TIC is aan die UDF geaffiliseer. Beide organisasies streef die doelstellings van die UDF na en neem aan die bedrywighede van die UDF deel.

5. Die Komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat daar voldoende inligting is om 'n advieskomitee aan te stel om die bedrywighede van die betrokke organisasies te ondersoek. Die Komitee beveel egter om die volgende redes aan dat 'n advieskomitee nie aangestel word nie:

- a. Ondervinding het geleer dat sodra 'n organisasie onwettig verklaar word sonder optrede teen ampsdraers/lede die bedrywighede van die organisasie voortgesit word in 'n veranderde vorm met gewysigde doelstellings.
- b. Dit te laat is om nou optrede te oorweeg omdat veral die UDF binnelands en buitelandse erkenning geniet.
- c. Alhoewel dit betwyfel word of die UDF aan onderhandelings met die Regering sal deelneem, kan optrede teen die UDF in hul guns aangewend word deur te argumenteer dat die Staat teen partye opgetree het wat aan die onderhandelinge wou deelneem, maar deur die Staat se optrede verhoed word om dit te doen. Dit mag ook ander belanghebbende partye ontmoedig om deel te neem.

DECLASSIFIED

d. Optrede teen die organisasies kan nie gelyktydig met die Hoogverraad verhoor (verwysende na die Pietermaritzburg en Delmas-sake) oorweeg word nie. In die Transvaal verhoor staan die UDF as sulks op verhoor en gevolglik is die bevinding van 'n advieskomitee nie voor die einde van die verhoor bekend gemaak kan word nie omrede die gevaar bestaan dat die bevinding van die komitee en die van die hof mag verskil. Twee verskillende uitsprake oor die bedrywighede van die UDF sal noodwendig verleenheid skep. Die Komitee mag besluit om getuies roep wat ook in die verhoor getuig het of moet getuig. Dit behels 'n risiko, indien die komitee besluit het die houe van die verrigtinge nie bekend te maak nie, en die werksaamhede van die komitee bekend sal word. Indien die komitee besluit om kennis aan organisasies van die ondersoek te gee, sal die verdediging kan argumenteer dat hulle op twee fronte deur die Staat aangeval word om sodoende die beskuldigdes se verdediging beïnvloed.


e. Alhoewel die organisasies nie as sulks in Pietermaritzburg op 'verhoor' was nie, vertolk die algemene publiek dit so. Die Staatsadvokaat het in die ope hof tydens argument gesê dat die Staat nie sal beweer dat 'Natal Indian Congress' en die 'Transvaal Indian Congress' betrokke was in die omverwerping van die regering nie, maar dat persone in die organisasies besig om 'n rewolusionêre klimaat te skep. 'n Teenoorgeste bevinding deur 'n advieskomitee sal beslis verleenheid skep.

5. Die Komitee beveel egter aan dat oorweging daaraan geskied word om kragtens artikels 18, 19 en 20 (Inperking) van die Wet Binnelandse Veiligheid, 1982 teen 27 persone wat deur hulle geïdentifiseer is, opgetree word.

AANBEVELINGS

6. Die aangeleentheid is op 7 Mei 1986 deur die Werkkomitee oorweeg. Kennis is daarvan geneem dat die Direktoraat : Veiligheid wetgewing in oorleg met die Suid-Afrikaanse Polisie reeds besig om aandag aan die moontlike inperking van die 27 geïdentifiseerde persone te gee. Genoegsame inligting met betrekking tot die bedrywighede van sekere van die persone om inperkings te regverdig ontbreek en dringende aandag word aan dié aspek gegee.

7. Die Werkkomitee steun die Komitee se aanbeveling dat 'n advieskomitee nie in die stadium aangestel word nie om die bedrywighede van die UDF, NIC en IIC te ondersoek met die oog op die wettigverklaring van die organisasies.



SEKRETARIS VAN DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD

DECLASSIFIED

ingevolge veiligheidswetgewing opgetree word, sal daar moontlik gesê word dat die Regering die uitspraak van die Hof vooruitloop. Dit is selfs nie uitgesluit nie, dat so 'n stap kommentaar van die Regbank kan uitlok. Die Regter-president van die Natalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof het juis onlangs 'n beroep op die "owerheid" (die polisie) gedoen om hom te weerhou van uitsprake oor die UDF solank die saak teen Ramgobin en andere hangende is. 'n Verdere aspek wat hier in gedagte gehou moet word, is dat indien daar met optrede gewag sou word tot na afhandeling van die bogenoemde verhore (Durban-saak en Vaaldriehoek-saak) en skuldigbevindings wel verkry sou word, dit die voordeel sou inhou dat optrede kragtens veiligheidswetgewing daarna makliker geregverdig sou kan word. Soos in ons vorige memorandum uitgewys, is dit ook so dat ernstige verleentheid veroorsaak kan word indien daar nou teen die UDF kragtens veiligheidswetgewing opgetree sou word en dit later by implikasie in die bogenoemde sake bevind sou word dat die UDF se bedrywighede nie van so 'n aard was dat dit optrede kragtens artikel 4 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 regverdig het nie.

5. Aan die ander kant is dit egter so dat beide bogenoemde sake klaarblyklik 'n geruime tyd sal duur. Enersyds is die getuienis wat die Staat sal aanbied van 'n groot omvang. Andersyds het sake van dié aard reeds bewys dat die verdediging die verhore gewoonlik sover as moontlik probeer uitrek. Daar is dan ook al aangedui dat verwag kan word dat die Durban-saak ten minste agtien

maande sal duur. Verder het ondervinding nou in die
ondersoek ten opsigte van COSAS geleer dat 'n
advieskomitee tyd nodig het om al die inligting en
getuienis ten opsigte van 'n organisasie deur te werk en
te evalueer, alvorens 'n aanbeveling aan die Minister
gemaak kan word. Indien daar dus gewag sou word tot na
afhandeling van die sake, voordat 'n advieskomitee ten
opsigte van UDF aangestel word, kan dit daarna nog 'n
rukkie duur voordat die advieskomitee 'n aanbeveling
uitbring. Die argument kan dus aangevoer word dat dié
"verdragings" tot gevolg kan hê dat die UDF intussen met
sy bedrywighede kan voortgaan en dat die meeste kwaad
reeds gedoen sal wees teen die tyd dat daar teen die UDF
opgetree word, indien daar wel uiteindelik besluit sou
word om stappe teen die organisasie te doen. Soos daar
egter in ons vorige memorandum uitgewys is, is ons van
mening dat die bedrywighede van die UDF intussen sover as
moontlik met optrede teen individue en deur strategiese
kommunikasie-aksies geneutraliseer moet word. Wat
laasgenoemde betref, blyk dit reeds dat die onmin tussen
die UDF en AZAPO wel 'n remmende effek op beide
organisasies se bedrywighede het en kan dié situasie
verder uitgebuit word. In dié verband is dit opvallend
dat die onmin klaarblyklik tot kommer van die
ANC-leierskap strek. Die ANC het byvoorbeeld ook op 9
Mei 1985 'n persverklaring vrygestel waarin die "Multi
Racial United Democratic Front" en "More Radical Black
Consciousness Groups" versoek word om hul onderlinge
geskille by te lê.

6. Hoe dit ook al sy, die vraag of daar nou teen die UDF opgetree behoort te word, al dan nie, blyk van so 'n aard te wees dat dit nie behoorlik in 'n memorandum soos hierdie uitgemaak kan word nie. Daar word dus aanbeveel dat samesprekings tussen die Minister, Kompol, senior beamptes van die Veiligheidstak en senior beamptes van die Direktooraat: Veiligheidswetgewing gereël word om die aangeleentheid te bespreek. Indien die Minister dus so goedkeur, sal samesprekings in oorleg met die Minister se Privaatsekretaris so spoedig doenlik na afloop van die huidige Parlementsitting, in Pretoria gereël word.

6/6/85
DIREKTEUR VAN VEILIGHEIDSWETGEWING

4/6/85

11/5/85

Aanbeveling in paragraaf 6 GOEDGEKEUR!

Die saak is uiters belangrik.

L. Le Grange
L LE GRANGE
MINISTER VAN WET EN ORDE

11/6/85

Samesprekings in die verband op 18.7.1985 gehou. Die Minister het aangedui dat die nou daadwerklike oorweging geskenk moet word om teen die UDF, sy geaffilieerde organisasies en ander radikale organisasies op te tree.

2/8/85



DECLASSIFIED
UITERS GEHEIM

2/4/2

Lêer No. 2/4/2/121 (DDVz)
File

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

DIE DIREKTEUR
THE DIRECTOR

MINISTER

OORWEGING VAN DIE AANSTELLING VAN 'N
ADVIESKOMITEE: UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF)

REKORDNO. VAN WET-EN-ORDE	1985-06-10	ORDE
---------------------------	------------	------

VEILIGHEIDSWETGEWING	28-06-1985	LEGISLATION
----------------------	------------	-------------

Handwritten notes:
 HEN
 DRV
 DRX
 DDV
 datum met
 My Cofford
 Kuning
 20/7/85

1.1 Daar is gedurende Februarie 1985 'n omvattende memorandum aan die Minister voorgelê waarin die Minister geadviseer is oor die wenslikheid, al dan nie, van die aanstelling van advieskomitees om die bedrywighede van die UDF en ander organisasies te ondersoek.

1.2 Daar is aan die Minister in die memorandum uitgewys dat daar onses insiens voldoende gronde bestaan om die betrokke organisasies aan die ondersoek van advieskomitees te onderwerp. Daar is egter op sekere aspekte gewys wat dit na ons mening onwenslik gemaak het om advieskomitees in daardie stadium ten opsigte van die betrokke organisasies aan te stel. Daar is naamlik onder andere aan die Minister uitgewys dat dit nie wenslik sou wees om advieskomitees aan te stel, alvorens die saak te Durban waarin ampsdraers van die UDF en ander organisasies ([redacted], [redacted] en andere) van hoogverraad aangekla word, afgehandel is nie.

1.3 Die Minister het dan ook aangedui dat die besluit oor die aanstelling van advieskomitees moes ontstaan.

(Memo)

DECLASSIFIED
UITERS GEHEIM

2.1 Nadat die Minister se besluit in dié verband aan Kompol (Veiligheidstak) oorgedra is, het hy nou 'n afdruk van die akte van beskuldiging in die saak die Staat teen M Ramgobin en andere (Durban-saak), asook 'n samevatting van die bewerings teen die beskuldigdes wat na bewering almal ampsdraers van die UDF is, voorgelê. Kompol merk in die verband soos volg op:

"Soos u kennis dra, word 'n verdere saakdossier tans deur die Veiligheidstak, in samewerking met die prokureur-generaal van Transvaal, ondersoek met betrekking tot die betrokkenheid van die UDF by die onlusvoorvalle gedurende Augustus/September 1984 aan die Vaaldriehoek. Na verwagting sal die betrokke ondersoek binne die afsienbare toekoms afgehandel wees en word verwag dat verskeie lede en ampsdraers van die UDF sowel as geaffilieerde organisasies, tereg sal staan as gevolg van hul betrokkenheid by die gemelde geweldplegings.

In die lig van bogemelde feite en inhoud van die aangehegte dokumente word graag verneem of die onwettigverklaring van die UDF nie onmiddellike aandag kan geniet nie".

([REDACTED])

2.2 In die samevatting van die bewerings teen die beskuldigdes (Ramgobin en andere) word gemeld dat die saak op die feit berus dat die beskuldigdes deur die gebruikmaking van organisasies en leierskapposities beklee, die UDF in 'n front ten behoeve van die

ANC/SAKP/SACTU/CONGRESS ALLIANCE/CONGRESS MOVEMENT
probeer omskep het in die politiserings- en
mobiliseringsfase van 'n rewolusie. Daar word ook gemeld
dat die ANC en SAKP sedert die ontstaan van die UDF geen
geheim daarvan maak nie dat hulle deur gebruikmaking van
ondergrondse strukture die UDF wil manipuleer en beheer.
Daar word ook in die getuienis beweer dat die "Transvaal
Indian Congress", "Natal Indian Congress", "South African
Allied Workers Union", "Anti-Residents Council" en die
"Release Mandela Committee" sodanige strukture van die
UDF uitmaak.

(X)

3.1 Kompol het ook 'n aanvullende memorandum van die UDF
se bedrywighede sedert Oktober 1984 voorgelê. Daarin
word onder andere verwys na die rol wat die UDF in die
sogenaamde "Stay-Away" kampanjes gespeel het; pamflette
wat die UDF laat versprei het en protesvergaderings wat
deur die UDF gehou is. Daar was byvoorbeeld 13
protesvergaderings gehou en by 14 geleenthede pamflette
oor die voorval te Uitenhage, waar verskeie persone
tydens polisie-optrede gedood is, versprei. Volgens
Kompol het die UDF met hierdie kampanje 'n ernstige
klimaat van vyandigheid teenoor die polisie in die
besonder en die owerheid in die algemeen, geskep.
Volgens Kompol het die klimaat beslis aanleiding gegee
tot meer aggressiewe optrede teen die polisie en
owerheidsinstellings wat weerspieël word in die toename
van aanvalle op die polisie en gemeenskapsleiers.

3.2 In die memorandum wat Kompol voorgelê het, word ook berig dat die UDF op sy Nasionale Algemene Jaarvergadering die volgende besluite geneem het:

"om die Staat effektief uit te daag;
 om die Staat se voornemens te frustreer en die Staat te forseer tot agteruitgang;
 massa protesvergaderings en burgerlike ongehoorsaamheid aan te moedig; en
 teen buitelandse beleggings te protesteer maar nie direk op disinvestering aan te dring nie".

3.3 Na afloop van die vermelde vergadering, het Terror Lekota, publisiteitsekretaris van die UDF in 'n persverklaring onder andere gesê dat:

"die tyd aangebreek het vir 'n nuwe aanslag teen die regering;
 daar nog tyd vir die regering is om met die 'ware' leiers te onderhandel en 'apartheid' af te breek;
 die UDF knelpunte aanhoudend sal opneem en aanval en nie net met persverklarings tevrede sal wees nie;
 daar nie geskroom sal word om met aktiviste in die strate 'n opmars te hou nie;
 daar ander maniere gevind sal word om 'nee' te sê;
 daar teen die Nieu-Seelandse rugbytoer betoog sal word; en
 burgerlike ongehoorsaamheid nie die regte woord is vir wat beplan word nie want dit kom neer op erkenning van bestaande wetgewing en daar is geen wetgewing in die RSA wat hul agting afdwing nie".

3.4 Volgens Kompol val al die huidige protes-, verset- en boikotaksies binne die raamwerk van die ANC se oproep by monde van Oliver Tambo en ander ANC-leiers om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.

(X,Y,Z)

4.1 Soos in ons vorige memorandum aan die Minister uitgewys is, bestaan daar onses insiens voldoende gronde om die UDF aan 'n ondersoek deur 'n advieskomitee te onderwerp. Die vraag bly egter steeds of die tyd nou ryp is om teen die UDF op te tree. Dié vraag blyk nie so maklik te wees om te beantwoord nie, aangesien daar verskeie argumente vir en teen die aanstelling van 'n advieskomitee en moontlike optrede teen die UDF in dié stadium, aangevoer kan word.

4.2 In die eerste plek geld die argumente wat in ons vorige memorandum teen optrede teen onder andere die UDF aangevoer is, onses insiens steeds. Al dié argumente word nie hier herhaal nie. Daar moet egter op gewys word dat die voorgenome saak teen Ramgobin en sy makkers alreeds wye publisiteit hier en in die buiteland geniet het en almal is deeglik ingelig dat die beskuldigdes ampsdraers of lede van die UDF is. Daar kan dus verwag word dat die saak beskou sal word en voorgehou sal word as nie soseer slegs die beregting van aanklagte teen die beskuldigdes as sulks nie, maar ook as 'n verhoor waarin die bedrywighede van die UDF blootgelê sal word. Indien daar dus nou, solank die saak hangende is, teen die UDF

DECLASSIFIED



UITERS GEHEIM

MINISTERIE VAN WET EN ORDE
1985-03-06
MINISTRY OF LAW AND ORDER

Ministerie van Mannekrag

Ministry of Manpower

Privaatsak X9090
8000 KAAPSTAD

1985-03-06

Sy Edele L le Grange, DVD, LP
Minister van Wet en Orde
Hendrik Verwoerdgebou 915
8001 KAAPSTAD

Geagte Kollega,

**BEDRYWIGHEDA: "SOUTH AFRICAN CONGRESS OF TRADE UNIONS" (SACTU)
EN "SOUTH AFRICAN ALLIED WORKERS UNION" (SAAWU)**

Ek skrywe na aanleiding van u brief (MP 8/4) van 4 Maart 1985, in die bogenelde verband.

Na my mening, moet die volgende faktore baie noukeurig oorweeg word alvorens daar op enige optrede besluit word:

- (a) My voorganger en ekself, asook andere van ons Kollegas, het in die verlede by herhaling beklemtoon dat daar in Suid-Afrika nie teen vakbondorganisasies as sodanig opgetree word ingevolge veiligheidswetgewing nie, maar teen bepaalde individue wie se optrede 'n bedreiging vir landsveiligheid inhou. In die laasgenoemde verband is dit ook telkens duidelik gestel dat daar nie teen individue opgetree word vanweë hul vakbondverbintnisse of -bedrywighede nie. Optrede soos oorweeg, kan 'n ernstige vertrouensgaping skep wat uitgebuit sal word en moeilik herstel sal kan word.
- (b) Optrede soos oorweeg, sal ongetwyfeld verdere stukrag aan die disinvesteringveldtog in die VSA verleen, en al die pogings van die Regering en die private sektor om dit te gaan grootliks, indien nie algeheel, verydel nie. Dit kan op sy beurt, lei tot spanning tussen die private sektor en die Regering wat ons in die huidige ekonomiese klimaat nie kan bekostig nie.
- (c) Die jaarlikse Konferensie van die Internasionale Arbeidsorganisasie wat in Mei/Junie in Genève plaasvind, sal soos dit met Pole 'n jaar of wat gelede die geval was, totaal oorheers word deur die optrede teen die bogenelde organisasies en sal hulle in der waarheid 'n internasionale en nasionale aansien verleen, wat hulle geensins verdien nie.

2. / ...

UITERS GEHEIM

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

UITERS GEHEIM

2.

- (d) Die aanstelling van 'n advieskomitee deur die Staatspresident ingevolge artikel 7 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950, kan negatief reflekteer op die amp van Staatspresident en die bekleër in 'n spervuur van kritiek laat beland. Dit sal ook die positiewe aard en inhoud van die Staatspresident se onlangse Openingsrede onder groot verdenking laat kom.

In die lig van al die voorgaande faktore, wil ek ernstig waarsku teen die aanstelling van die advieskomitee soos oorweeg, en wil ek pleit dat die aangeleentheid desnoods na die Werkgroep van die Staatsveiligheidsraad verwys word met die opdrag om ondersoek in te stel na alternatiewe en minder skadelike metodes van optrede en om met aanbevelings te kom.

*Vriendelike groete,
P. T. C. du Plessis*

P T C DU PLESSIS, MP
MINISTER VAN MANNEKRAG



DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

5/7

2/3/1/1(V/Bv)

J G Adendorff

211043/4

20 Jan 1986

Beve op les vol
USF asb.

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

ONDERSOEK NA DIE "UNITED DEMOCRATIC FRONT", "NATAL INDIAN CONGRESS" EN "TRANSVAAL INDIAN CONGRESS"

[Handwritten signature]
51

1. Mnr [redacted] en adv [redacted] wat na die bedrywighede van die bovermelde organisasies ondersoek ingestel het, het aanbeveel dat oorweging daaraan geskenk word om kragtens artikels 18, 19 en 20 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 teen onder andere die volgende persone op te tree:

[Large redacted block of names]

VERSEND/ONTVANG PER FAKSINAAL

Datum 86 103/05 Tyd 14.52

[Handwritten signature]
HANDTEKENING VAN LB

2. U kommentaar in die verband sal waardeer word.

3. Indien u van oordeel is dat daar oor voldoende inligting beskik word om optrede kragtens enige van die vermelde artikels of enige ander bepaling van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 teen enige van bovermelde persone te regverdig, sal dit waardeer word indien u my dringend wil voorsien van: -

(a) 'n volledige memorandum en ander beskikbare stawende inligting met betrekking tot die bedrywighede van die persone ten opsigte van wie u spesifieke optrede aanbeveel;

DECLASSIFIED

~~GEHEIM~~
DECLASSIFIED

- (b) n voltooide vraelys ten opsigte van elk van die persone ten opsigte van wie u optrede aanbeveel, en
- (c) u voorstelle oor die aard van die beperkings wat ingevolge die bepalings van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 ten opsigte van elk van die persone in paragraaf (a) genoem, opgelê behoort te word.

ten einde my in staat te stel om die Minister in die verband te nader.

Het ~~##/##/##~~ JH BREYL

DIREKTEUR VAN VEILIGHEIDSWETGEWING



~~GEHEIM~~
DECLASSIFIED

[REDACTED]

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om h
aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]

Maandeliks gemoniteer. Geen aanbeveling tot dusver ontvang.
Kopol is aangemaan oor maandelikse verslag.

[REDACTED]

Voorlegging is van Kopol ontvang, voor [REDACTED]-beslissing.
Verdere inligting word afgewag na aanleiding van beslissing.

[REDACTED]

In lig van [REDACTED]-beslissing word verdere inligting van Kopol
verlang.

[REDACTED]

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om h
aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om h
aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om aanbeveling
te maak nie.

[REDACTED]
Sedert haar inperking op [REDACTED] verstryk het, is geen inligting oor haar bedrywighede ontvang nie.

[REDACTED]:
Terugverwys na Kompol vir verdere inligting n.a.v [REDACTED]-beslissing.

[REDACTED]
Geen aanbeveling ontvang sedert Kompol versoek is om h aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]
Geen aanbeveling ontvang sedert Kompol versoek is om h aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]
Verdere inligting word afgewag.

[REDACTED]:
Terugverwys na Kompol op 22.4.86 na aanleiding van [REDACTED]-beslissing vir verdere inligting.

[REDACTED]
Geen aanbeveling ontvang sedert Kompol versoek is om h aanbeveling te maak nie.

[REDACTED]:
Inperking word tans oorweeg.

_____:

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om 'n aanbeveling te maak nie.

_____:

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om 'n aanbeveling te maak nie.

_____:

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om 'n aanbeveling te maak nie.

_____:

Terugverwys na Kopol op 22.4.86 na aanleiding van _____-beslissing vir verdere inligting.

_____:

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om 'n aanbeveling te maak nie.

_____:

Geen aanbeveling ontvang sedert Kopol versoek is om 'n aanbeveling te maak nie.



Lêer No. 2/4/1/1(ADX/v)
File No.

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

DIE DIREKTEUR / MINISTER
THE DIRECTOR

AANSTELLING VAN ADVIESKOMITEE: "UNITED DEMOCRATIC FRONT" EN ANDER ORGANISASIES

MINISTRE VAN WET EN ORDE
1986-03-12
MINISTER G. M. VAN DER MERWE

DIREKTORAAT VEILIGHEIDSWETGEWING
1986-03-20
DIR. SECUR.

HDX
DRV
DRX
ADV
ADX
Beoordeling
aan
1/30/86

1.1 Na aanleiding van die Minister se versoek gedurende Augustus 1985 dat 'n advieskomitee(s) ten opsigte van die "United Democratic Front" (UDF), die "Natal Indian Congress" (NIC), die "Transvaal Indian Congress" (TIC), die "Azanian Students Organisation" (AZASO), die "Azanian Peoples Organisation" (AZAPO), en die "Azanian Students Movement" (AZASM), aangestel word, het die Minister van Justisie aan die Direkteur-generaal, Justisie opdrag gegee dat -

- (a) die Minister van Wet en Orde van feitelike gegewens omtrent die samestelling van die bovermelde organisasies en hulle doelstellings en bedrywighede, bedien moet word;
- (b) die beskikbare en tersaaklike getuienis wat deur enige advieskomitee(-s) oorweeg sal moet word, versamel en georden moet word om 'n advieskomitee se taak te vergemaklik, indien so 'n advieskomitee aangestel sou word; en
- (c) 'n beeld van die organisasies en hulle bedrywighede asook die persoonlikhede daarby betrokke geskets moet word ten einde te kan beslis of optrede teen sodanige persone nie verkieslik of wenslik is nie.

CM
23/7
Beoordeling

1.2 Die betrokke Direkteur-generaal het 'n komitee bestaande uit senior beampptes (mnr [REDACTED] en [REDACTED]) van sy Departement vir hierdie doel aangewys. Die Direkteur-generaal het op 8 Januarie 1986 aangedui dat die Komitee slegs ten opsigte van die UDF, die NIC en die TIC 'n verslag moet uitbring. Die betrokke Komitee het nou 'n verslag ten opsigte van dié drie organisasies uitgebring. Die verslag is hieronder gevlag "Verslag" indien die Minister daarna wil verwys.

2. Die bevindings van die Komitee kan soos volg opgesom word:

2.1 Die ANC en die UDF het presies dieselfde doelstelling as die SAKP om die massas te politiseer en te mobiliseer om tot aksie oor te gaan om die bestaande bestel omver te werp en 'n bestel gebaseer op die beginsels van die "Freedom Charter" daar te stel.

2.2 Alhoewel die ANC reeds vir etlike jare die vereniging en mobilisering van die massas bepleit om sy doel te bereik laat hy die verantwoordelikheid daarvoor oor aan die binnelandse magte en plaas 'n spesiale verantwoordelikheid vir die uitvoering daarvan op lede van die ANC.

2.3 Dit stigting van die UDF wat vir etlike jare bepleit is, het momentum gekry en is verhaas deur die besluit van die Arbeiders Party van Suid-Afrika (APSA) om aan die nuwe grondwetlike bedeling deel te neem. Die

voortbestaan van die UDF na die implementering van die nuwe grondwetlike bedeling het genoodsaak dat die doelstelling van die UDF gewysig word om "Apartheid" in die geheel te beveg. Die vernietiging van "Apartheid" deur die massas sou noodwendig die val van die Regering teweeg bring.

2.4 Die verrigtinge tydens die nasionale loodsing van die UDF was oorwegend ANC georiënteerd. Oud-ANC lede is as presidente verkies en ANC/SAKP lede/simpatiseerders is as beskermhare aangewys, die name van ANC leiers is uitgeroep en vryheidsliedere is gesing. Daar is ook tussenin na die ANC verwys.

2.5 Die alliansie tussen die ANC en UDF is duideliker weerspieël in die samestelling van die nuwe nasionale bestuur wat tydens die Algemene Jaarvergadering in April 1985 verkies is. Die nuwe bestuur is meer Swart-georiënteerd en gekenmerk deur lede met meer ou ANC verbintnisse. Die wysiging van die UDF se doelstellings by dieselfde geleentheid bring die UDF nader in lyn met dié soort verenigde front waarvoor verskeie oproepe in die verlede gedoen is. Die UDF se metodes ter bereiking van sy doelwit het ook verander nadat hy goedgekeur het dat sy geaffilieerdes tydens veldtogte meer militant mag raak en ook die "Freedom Charter" mag propageer. Dié besluit ten opsigte van sy gewysigde beleid oor geweld het tot gevolg gehad dat sekere veldtogte en begrafnisdienste wat deur die UDF lede toegespreek is tot die uitbreek van geweld met gepaardgaande lewensverlies gelei het.

2.6 Die beskermhere het hulle ook ten gunste van die ANC uitgespreek: dr Boesak het in Maputo na die ANC as "our organisation" verwys terwyl Biskop Tutu in die VSA 'n beroep op die Westerse lande gedoen het om die ANC te erken. UDF President Oscar Mpetha het lede aangemoedig om militêre opleiding te ondergaan. UDF-lede is in die hantering van wapens en plofstowwe opgelei. Lede van die UDF het hulle ten gunste van geweld uitgespreek asook dreigemente van weerwraak ge-uiter.

2.7 Die "Natal Indian Congress" het reeds sedert 1971 'n oproep vir 'n verenigde front gedoen. Op 9 Januarie 1983 het adv Zac Yacoob tydens 'n gesamentlike NIC-TASC vergadering 'n oproep vir 'n verenigde front gedoen. Die NIC, wat die inisieerders van die UDF was, het gedurende 1980 reeds die grondslag daarvoor gelê deur die gebruikmaking van die teorieë van Auret van Heerden tydens "workshop" sessies van gemeenskapsorganisasies. Die NIC het 'n belangrike rol gespeel in die heraktivering van die "Transvaal Indian Congress" (TIC). Beide "Natal Indian Congress" en "Transvaal Indian Congress" is aan die UDF geaffilieer. Lede van die NIC en TIC dien ook op die bestuur van die UDF-Natal en -Transvaal streekraade, en van die UDF (Nasionaal). Beide is politieke organisasies wat die doelstelling van die UDF nastreef en aan die bedrywighede van die UDF deelneem. Die metodes wat deur hulle, òf in eie naam òf in die naam van die UDF, aangewend word, is identies. Beide beklemtoon voortdurend die feit dat hulle die enigste oorblywende lede van die "Congress Alliance" van die vyftigerjare is

en steeds die tradisies, insluitende doelstellings, van dié alliansie voortsit.

3.1 Op bladsy 298 van die verslag word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die UDF, die NIC en die TIC organisasies is wat hulle besig hou met bedrywighede wat die veiligheid van die Staat of die handhawing van wet en orde in gevaar stel of bereken is om dit in gevaar te stel. Op grond hiervan kom die Komitee tot die gevolgtrekking dat daar voldoende inligting is om 'n advieskomitee kragtens artikel 7 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet 74 van 1982) aan te stel om die bedrywighede van die betrokke organisasies te ondersoek. Die komitee beveel egter om die volgende redes aan dat 'n advieskomitee om die bedrywighede van die drie organisasies te ondersoek, nie aangestel word nie:

- (i) "Ondervinding het geleer dat sodra 'n organisasie onwettig verklaar word sonder optrede teen ampsdraers/lede die bedrywighede van die organisasie voortgesit word in 'n veranderde vorm met gewysigde doelstellings.
- (ii) Dit te laat is om nou optrede te oorweeg omdat veral die UDF binnelands en buitelandse erkenning geniet. Binnelands ondersteun 'n groot meerderheid van die anderskleuriges die UDF. Buitelands geniet hy steun van state wat die Republiek nie goedgesind is nie en moontlik oproepe vir verdere sanksies en disinvestering kan doen.

- (iii) Die heersende politieke klimaat regverdig nie tans dat daar opgetree word teen organisasies wat moontlik aan onderhandelings mag deelneem nie. Alhoewel dit betwyfel word of die UDF aan onderhandelings met die Regering sal deelneem kan optrede teen die UDF in hul guns aangewend word deur te argumenteer dat die Staat teen partye opgetree het wat aan die onderhandelinge wou deelneem, maar deur die Staat se optrede verhoed word om dit te doen. Dit mag ook ander belanghebbende partye ontmoedig om deel te neem.
- (iv) Optrede teen die organisasies kan nie gelyktydig met die Hoogverraad verhoor (verwysende na die Pietermaritzburg- en Delmas-sake) oorweeg word nie. In die Transvaal verhoor staan die UDF as sulks op verhoor en gevolglik sal die bevinding van 'n advieskomitee nie voor die einde van die verhoor bekend gemaak kan word nie omrede die gevaar bestaan dat die bevindings van die komitee en dié van die hof mag verskil. Twee verskillende uitsprake oor die bedrywighede van die UDF sal noodwendig verleentheid skep. Die Komitee mag besluit om getuies te roep wat ook in die verhore getuig het of moet getuig. Dit behels 'n risiko, indien die komitee besluit het om die hou van die verrigtinge nie bekend te maak nie, dat die werksaamhede van die komitee bekend sal word. Indien die komitee besluit om kennis aan

organisasie van die ondersoek te gee, sal die verdediging kan argumenteer dat hulle op twee fronte deur die Staat aangeval word en sodoende die beskuldigdes se verdediging beïnvloed. Munt sal veral in die buiteland uit so 'n argument geslaan kan word.

- (v) Alhoewel die organisasies nie as sulks in Pietermaritzburg op 'verhoor' was nie, vertolk die algemene publiek dit so. Die Staatsadvokaat het in die ope hof tydens 'n argument gesê dat die Staat nie sal beweer dat die 'Natal Indian Congress' en die 'Transvaal Indian Congress' betrokke was in die omverwerping van die Regering nie, maar dat persone in die organisasies besig was om 'n revolusionêre klimaat te skep. 'n Teenoorgestelde bevinding deur 'n advieskomitee sal beslis verleentheid skep."

3.2 Die Komitee beveel egter aan dat oorweging daaraan geskenk word om kragtens artikels 18, 19 en 20 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 teen 27 persone wat deur hulle geïdentifiseer is, opgetree word.

([REDACTED])
([REDACTED])

3.3 Die Komitee meld dat daar weens ooglopende redes geen aanbevelings gedoen word oor individue wat reeds in die Pietermaritzburgverhoor ontslaan is en/of die UDF lede

wat tans in die Hoogverraadsaak te Delmas verhoor word.

([REDACTED]).

4.1 Ons het destyds in ons voorleggings aan die Minister met betrekking tot die aanstelling van advieskomitees, onder meer gewys op van die aspekte wat nou deur die Komitee uitgewys word.

4.2 Wat moontlike optrede kragtens veiligheidswetgewing teen individuele persone (wat ampsdraers, beamptes of lede van die betrokke organisasies is) betref, het ons namate die Komitee se ondersoek gevorder het, die name van persone wat moontlik van veiligheidsbelang kan wees by die Komitee verkry, waarna Kompol met betrekking tot die gevalle genader is. Van die gevalle is dan ook reeds aan die Minister vir oorweging voorgelê. Kompol is reeds met betrekking tot die ander gevalle genader. Daardie gevalle sal ook mettertyd aan die Minister voorgelê word.

5. Dit is nie bekend waarom daar besluit is dat die Komitee nie ook oor die organisasies AZAPO, AZASO EN AZASM verslag moet doen nie. Daar word egter aanvaar dat die Minister van Justisie die Minister nog van 'n antwoord in die verband sal voorsien.

6. In die stadium beveel ons aan dat die bevindings en aanbevelings van die Komitee aan die Werkkomitee van die Staatsveiligheidsraad voorgelê word om 'n aanbeveling aan die Staatsveiligheidsraad te maak oor die wenslikheid daarvan al dan nie om 'n advieskomitee ten opsigte van die drie organisasies wat die [redacted]-komitee ondersoek het, aan te stel.

DIREKTEUR VAN VEILIGHEIDSWETGEWING

[Handwritten signatures and dates: 10/3/86, 10/3/86, 10/3/86]

Aanbeveling in paragraaf 6 GOEDGEKEUR/

[Handwritten signature]

L LE GRANGE
MINISTER VAN WET EN ORDE

17/3/86



REPORT OF THE MEETING BETWEEN A UDF DELEGATION AND THE
ADVANCE PARTY OF THE EPG ON TUESDAY 18 FEBRUARY.

EPG DELEGATION: MALCOLM FRASER, OLUSEGUN OBASANJO,
JOHN MALECELA, DAME NITA BARROW, HUGHE CRAFT
and M MALHOTRA.

At the outset of the meeting, we asked the EPG Advance what their terms of reference were and how they differed from the full EPG.

It was explained to us that the Advance's terms were limited in time and scope since this was a preliminary visit. The purpose of the Advance was to supplement the larger EPG's work and to establish a confidence in the EPG in so far as the EPG is not a substitute for pressure but an attempt to broaden international support against apartheid. In terms of the scope, the UDF's participation was seen to be crucial.

From our side we explained that we were unmandated to meet with the Advance EPG since time and repression worked against securing a mandate. The UDF delegation had come to the meeting in order to see what the EPG was about and what it had to offer in the struggle against apartheid. Furthermore, there is quite a bit of suspicion about the EPG because of the emphasis by the EPG on dialogue and negotiation as well as the presence and dominant role of BRITAIN in the COMMONWEALTH.

The Advance explained that they were not in SA to push us towards dialogue, instead they were here to get a sense of the conditions in SA so that a report could be compiled. They indicated that they understood our scepticism since so many people were streaming into the country presenting quick solutions. On the question of BRITAIN they explained that the NASSAU accord was unanimously accepted and that BRITAIN would find it difficult to go against the report of the EPG. Also, THATCHER had been pushed from her original anti-sanctions position to accepting the NASSAU ACCORD.

After explaining that this meeting with the Advance EPG did not mean necessarily, that the UDF will meet with the full EPG, we proceeded to discuss the following aspects of the UDF's work

BACKGROUND.

At a meeting of commonwealth heads in Nassau on October 20, 1985 the following call was made:

- (1) That the SA regime declare that apartheid will be dismantled;
- (2) The emergency must be lifted;
- (3) Political prisoners must be released;
- (4) The ban on the ANC and other organisations must be lifted; and
- (5) That violence from both sides must be suspended so the process of dialogue can take place for a non-racial representative government.

With special regard to the latter point, the EPG was set up to contribute to peaceful change.

THE PROGRAMME OF COMMON ACTION.

To impress on Pretoria the urgency of dismantling apartheid and erecting the structure of democracy the commonwealth agreed on a programme of common action against South Africa.

- (1) Support for the strictest enforcement of the voluntary arms embargo;
- (2) discourage sports contact by reaffirming the Gleneagles Declaration of 1977;
- (3) ECONOMIC MEASURES: stop import of Krugerrands; ban new govt loans to SA; ban sale and export of computer equipment, nuclear materials, oil, embargo all military co-operation; and to discourage cultural and scientific events which do not contribute to the dismantling of apartheid.

If the demands set by the commonwealth are not met within six months, they will embark on additional action:

THEY will ban air links with SA, new investment and reinvestment of profits, import of agricultural goods, government procurement in SA, government contracts with majority-owned SA companies, promotion of tourism;

Besides banning these, they will also terminate double taxation agreements with SA and government assistance to investment in, and trade with SA.

If these don't show fruit within reasonable time, they will consider further action.

- (1) Establishment and growth of UDF emphasising especially things like the unity built up by UDF, the spread into rural areas and the vision of UDF;
- (2) Campaigns of the UDF - Million Signiture, anti-election
- (3) Repression faced by the UDF focusing on detentions, banning of meetings, the State of Emergency, incidents like the Trojan Horse in THORNTON ROAD, the public violence trials.....
- (4) We also put forward some of our immediate demands like the lifting of the State of Emergency, the release of detainees, the unbanning of people and the lifting of restrictions on people, the release of political prisoners and the UNBANNING of the ANC.

Much of the information presented on the above were a synopsis of information readily available through press reports, articles etc. The UDF delegation steered clear of political debate around these issues because such an exchange would be more appropriate at a National Level should we meet the EPG.

From the above discussions, the ADVANCE responded to the following issues:


- (1) The growth of the UDF in White Areas - here we focussed on the mass-meetings in White Areas, the developing awareness amongst Whites, the work of our area committees and the anti-conscription campaign.
- (2) Specific details of repression eg. restrictions, sentences, counter media etc.
- (3) Sanctions - they could not really explain why they only speak about divestment (no new investment) and no reinvestment of profit.
- (4) They wanted to know our position with regard to dialogue and negotiation. We explained that there was no mood for dialogue especially since our people have been exposed to the brutality of the state; there was nothing the government could offer us since they were in a deep crisis and the initiative was not with them.

They asked which conditions would possibly change the mood for dialogue.


We listed the following preconditions:

- (1) Release of political prisoners and the unbanning of organisations like the ANC.
- (2) Return of Exiles.
- (3) The Dismantling of Apartheid.
- (4) The Disbanding of the SADF and the SAP.

We were informed that the full EPG would probably arrive in MARCH. It was suggested that the UDF gather whatever reports were available on the situation in the country for handing over to the EPG.



FREE MANDELA



Join the UDF and the world. Demand the release of Nelson Mandela and other political prisoners on:

MASS

Sunday 15 December 1985

RALLY

2pm

Methodist Church
Lamontville

FREE MANDELA NOW IN SOUTH AFRICA UNCONDITIONALLY!

Nelson Mandela, 67 years of age, is beginning his 23rd year in prison. This stalwart, grew to be a people's leader through his courageous efforts in the struggles of the 40's and 50's.

In 1964 there was a world-wide outcry against the life sentence that was imposed on him and leaders like Walter Sisulu, Govan Mbeki, Ahmed Kathrada and others.

Even in prison, Mandela has remained a leader - an inspiration - to his people. The freedom loving people of South Africa continue to look towards Robben Island for leadership. It is there that their true leaders are kept from them, while the government tries in vain to impose puppet leaders.

Over the recent years the call for the release of Nelson Mandela and all political prisoners has been growing inside the country and the world over. Mandela has become the proud symbol of the struggle for freedom.

Everybody now recognises the valuable contribution of Mandela and others. Even the government knows that the solution to this country's prob-

lems cannot be found without the Mandelas and Sisulus of this country.

Mandela has been made a number of offers by P.W. Botha to be freed under certain conditions. Firstly, to be released in the Transkei and secondly that he be released only if he condemned violence. Each time Mandela's answer was a loud NO!!

Today we are seeing the people posing a mighty challenge to a collapsing apartheid system and a growing demand for a non-racial democratic South Africa. The call to resolve this situation has been loud and clear, this government must now speak to the real leaders of the people!

The oppressed people of South Africa are demanding the release of Mandela and all political prisoners

The democratic forces of the world are demanding their release.

Big businessmen are demanding their release

Even some members of this government are demanding their release.

Yet after 23 years this government refuses to listen!

UDF CAMPAIGN TO FREE MANDELA & OTHERS

